

NG KERK VRYSTAAT

# SEMINARIUM



*Programhandleiding*

# 2026

2026 | Seminarium

 **NG Kerk**  
Vrystaat






SEMINARIUM  
VAN DIE NG KERK VRYSTAAT  
**PROGRAMHANDLEIDING**  
**2026**

**ngkerkvrystaat.co.za**

Van Heerdenweg 20  
Wilgehof  
Bloemfontein  
9301  
(051) 406 6700  
kuratorium@ngkvs.co.za



# VOORBLAD

## Op pad met die Kruis

Die voorblad van hierdie programhandleiding gee visueel uitdrukking aan die **roeping en identiteit** van die Seminarium van die NG Kerk Vrystaat. Sentraal staan die kruis van Jesus Christus – die bron en maatstaf van alle teologiese nadenke, Kerklike vorming en bediening. Die kruis herinner ons daaraan dat teologie nie by die mens begin nie, maar by God se selfopenbaring in Christus: die Een wat verkondig word, gedien word en gevolg word.

Vanuit die kruis ontvou vier gekleurde bane wat die kernfokusareas van Kerklike Opleiding verteenwoordig. Hierdie bane verbeeld nie afsonderlike of losstaande vormingsprosesse nie, maar geïntegreerde dimensies van een pad waarop studente kerklik gevorm word tot bedienaars van die Woord.

Die pers baan simboliseer Teologiese Identiteit (*CREDO*) en vind sy uitdrukking in die *kerugma* – die inhoud en verkondiging van die geloof. Hier word studente gevorm in die belydenis van die kerk, die verstaan van die Skrif en die kernwaarhede van die gereformeerde tradisie.

Hierdie baan benadruk dat teologie altyd begin by dit wat die kerk glo en bely, en dat verkondiging in 'n duidelike en verantwoordelike teologiese identiteit gewortel is.

Die groen baan verteenwoordig Spiritualiteits- en roepingsontwikkeling en word verbind met *leitourgia* – die lewe voor God. Hierdie dimensie fokus op geestelike verdieping, gebed, aanbidding en onderskeiding van roeping. Studente word begelei om nie slegs oor God te leer nie, maar om voor God te leef, luisterend na die Gees se leiding in persoonlike en gemeenskaplike geloofsvorming.

Die geel baan dui op Persoonlikheidsontwikkeling en vaardighede, verbonde aan *koinonia* – die gemeenskap van gelowiges. Hier word aandag gegee aan selfkennis, emosionele volwassenheid, kommunikasievaardighede en verhoudingsvorming. Hierdie baan herinner daaraan dat bediening altyd binne 'n gemeenskap en konteks plaasvind en dat die karakter en menswees van die bedenaar onlosmaaklik deel is van geloofwaardige diens.

Die blou baan verbeeld Kerklike bedieningspraktyk, gegrond in *diakonia* – diens aan God en die naaste.

Hierdie dimensie fokus op die praktiese uitlewing van die evangelie binne gemeentes en gemeenskappe, met besondere aandag aan barmhartigheid, geregtigheid en missionale betrokkenheid. Studente word toegerus om die Woord konkreet en relevant te laat gestalte kry in 'n gebroke wêreld.

Die pad wat deur hierdie vier bane gevorm word, strek deur 'n oop landskap en simboliseer die werklikheid waarin die kerk geroep is om te dien. Teologiese vorming vind plaas binne 'n spesifieke konteks, maar is altyd gerig op God se toekoms. Die lig wat die pad verhelder, getuig van God se trou en leiding, en herinner studente daaraan dat hulle nie alleen hierdie reis aanpak nie.

### PERS BAAN

Verteenwoordig *Teologiese Identiteit (CREDO)* en word verbind met die **kerugma** – die inhoud en verkondiging van die geloof. Hier word studente gevorm in die belydenis van die kerk, die verstaan van die Skrif en die kern van die gereformeerde teologie, sodat hulle met insig en verantwoordelikheid kan getuig en verkondig.

### GROEN BAAN

Dui op *Spiritualiteits- en roepingsontwikkeling* en staan in verband met **leitourgia** – die lewe voor God. Hierdie fokusarea rig aandag op geloofsvorming, gebed, aanbidding en die onderskeiding van roeping, en onderstreep dat teologiese studie onlosmaaklik verbind is aan 'n lewe van gehoorsaamheid en toewyding.

### GEEL BAAN

Verbeeld *Persoonlikheidsontwikkeling en vaardighede* en word gekoppel aan **koinonia** – die gemeenskap van gelowiges. Hier word studente begelei in selfkennis, emosionele volwassenheid, kommunikasie en verhoudingsvaardighede, met die oog op diens binne en saam met ander.

### BLOU BAAN

Simboliseer *Kerklike bedieningspraktyk* en word verbind met **diakonia** – diens aan God en die naaste. Hierdie fokusarea rus studente toe om die evangelie konkreet en geloofwaardig te beliggaam binne gemeentes en die breër samelewing.

Hierdie voorblad nooi elke student om met toewyding en verwagting die pad van Kerklike en teologiese vorming te betree: gewortel in die kruis van Christus, gevorm deur die Woord, gevoed deur die gemeenskap van gelowiges en gestuur tot diens in God se kerk en wêreld.

## Vier bane van Kerklike Opleiding



# SEMINARIUM VAN DIE NG KERK VRYSTAAT

## JAARPROGRAM 2026

DATUM	FOKUS	DAG   TYD	PLEK	GASHEER   AANBIEDER
-------	-------	-----------	------	---------------------

### JANUARIE

12 & 13	Kuratorium Dagbestuur Beplanningsvergadering	Maandag 10:00 – 16:00	Sinodale Kantoor – Menuha	Dagbestuur van die Kuratorium
---------	---	--------------------------	------------------------------	----------------------------------

### FEBRUARIE

2	Steunspan Studentebegeleiding & Diverse Bane Steunspan vergadering	09:00 – 13:00	Sinodale Kantoor – Raadsaal	Seminarium, Steunspan Studentebegeleiding & Diverse Bane Steunspan
9	UV Teologiese Fakulteitsopening	09:00	UV-kampus	UV & Studente
9	Seminariumopening & Ontmoetingsbraai	15:30	NG Bloemfontein-Wes & Kopanong	Seminarium, Steunspan, Bdiv, M-studente, PGDip-studente, Hugenote Kollege- studente
11	Seminariumaanbiedinge begin / Inligtingsperiode	11:10 – 13:00	Fakulteit Teologie	Seminarium, Bdiv-studente, Aanbieders, Steunspan (Bybelleesprogram)
13	Ontmoetingsretreat	14:00	Mooigenoeg	Seminarium, dr Johan Nel, Eerstejaars uit alle bane
23	Steunspan Studentebegeleiding vergadering	09:00 – 13:00	Sinodale Kantoor – Raadsaal	Seminarium, Steunspan Studentebegeleiding

### MAART

2 – 4	Apostolaatsblok (M1- & M2-studente) (Blokweek 1 & 4)	08:00 – 17:00	Sinodale Kantoor – Raadsaal	Seminarium, M1- & M2-studente, Aanbieders
10	Kuratorium Dagbestuur	Maandag 10:00 – 17:00	Sinodale Kantoor – Raadsaal	Dagbestuur van die Kuratorium
11	Apostolaatsblok (M1- & M2-studente) Evalueringsvraestel ná blokweek	14:00 – 16:00	Sinodale Kantoor – Raadsaal	Seminarium, M1- & M2-studente
16 - 18	Retreat 1: Oriëntering Diverse Bane	10:00	Menuha	Seminarium, Steunspan Diverse Bane, Diverse Bane - studente (Bedienaars & Diensleraars (Hulpleraars)), Colloquium Doctum
20 - 21	Stilretreat	12:00	Menuha	Seminarium, ds Jan Lubbe, 3e & 4e jaar studente
23	Steunspan Studentebegeleiding vergadering	09:00 – 13:00	Sinodale Kantoor – Raadsaal	Seminarium, Steunspan Studentebegeleiding

DATUM	FOKUS	DAG   TYD	PLEK	GASHEER   AANBIEDER
-------	-------	-----------	------	---------------------

## APRIL

8	Seminarium Admin-sake gesprek	11:10 – 12:00	HMS 10	Seminarium & studente
19	Besoek aan gemeente van 'n ander denominasie	Sal aangekondig word	Sal aangekondig word	Seminarium & studente
20	Studente steunspan ontmoet M1-studente rakende opleidingsgemeentes vir gemeentjaar	09:00 – 13:00	Sinodale Kantoor - Raadsal	Seminarium, Steunspan Studentebegeleiding, M1-studente

## MEI

5	Kuratorium Dagbestuur	11:00 – 13:00	Zoom	Dagbestuur van die Kuratorium
11 - 13	Preekwerkswinkel	10:00	Mooigenoeg	Seminarium, Steunspan Diverse Bane, Diverse Bane-studente (Bedienaars en Diensleraars (Hulpleraars)), Colloquium Doctum
20	Aktuele Kerkgesprek (rakende Sinode)	11:10 – 13:00	HMS 10	Seminarium-studente, ds Jan Lubbe

## JUNIE

7 - 10	NG Kerk Vrystaat Sinode		Bothaville	Alle predikante, studente, Sinodale personeel
22	Steunspan Studentebegeleiding vergadering	09:00 – 13:00	Sinodale Kantoor – Raadsaal	Seminarium, Steunspan Studentebegeleiding

## JULIE

23	Gemeentejaars Toerusting- & Oriënteringsgeleentheid vir 2027	09:00 – 14:00	Sinodale Kantoor	Seminarium, Steunspan Studentebegeleiding, Gemeentejaars & Mentors, Steunspan
28	Kuratorium Dagbestuur	Maandag 10:00 – 17:00	Sinodale Kantoor – Raadsaal	Dagbestuur van die Kuratorium
29 - 31	Apostolaatsblok (M1- & M2-studente) (Blokweek 2 & 5)	08:00 – 17:00	Sinodale Kantoor – Raadsaal	Seminarium, M1- & M2-studente, Aanbieders

## AUGUSTUS

12	Apostolaatsblok (M1- & M2-studente) Evalueeringsvraestel ná blokweek	09:00 – 13:00	Sinodale Kantoor	Seminarium, M1- & M2-studente
14 - 16	<i>Retreat</i> vir alle Jaargroepe		Menuha	Seminarium, Steunspan Studentebegeleiding, Bdiv- & M-studente, Hugenate Kollege

DATUM

FOKUS

DAG | TYD

PLEK

GASHEER | AANBIEDER

## SEPTEMBER

7	Steunspan Studentebegeleiding vergadering	09:00 – 13:00	Sinodale Kantoor – Raadsaal	Seminarium, Steunspan & Studentebegeleiding
8 - 10	<i>Retreat 2: Afronding Diverse Bane</i>	10:00	Menuha	Seminarium, Steunspan Diverse Bane, Diverse Bane-studente (Bedienaars en Diensleraars (Hulpleraars)), Colloquium Doctum & PGDip wat as Bedienaars en Diensleraars (Hulpleraars) gelegitimeer wil word
16	Aktuele Kerkgesprek	11:10 – 13:00	HMS 10	Seminarium, Studente, Aanbieder sal aangekondig word
22	Kuratorium Dagbestuur	Maandag 10:00 – 17:00	Sinodale Kantoor – Raadsaal	Dagbestuur van die Kuratorium

## OKTOBER

5 - 7	Apostolaatsblok (M1- & M2-studente) (Blokweek 3 & 6)	08:00 – 17:00	Sinodale Kantoor – Raadsaal	Seminarium, M1- & M2-studente, Aanbieders
14	Gemeenteparktyk aanbieding	11:10 – 13:00	HMS 10	Seminarium, Studente, Aanbieder sal aangekondig word
16	Aktuele Kerkgesprek	11:10 – 13:00	HMS 10	Seminarium, M1- & M2-studente & Aanbieders

## NOVEMBER

13 - 15	<i>Afrondingsretreat</i> met die oog op legitimasië		Menuha	Seminarium, ds Cobus Hamman, M-Gemeentejaars / Colloquium Doctum-kandidate
16 - 17	Kuratorium vergadering	10:00 – 17:00	Sal aangekondig word	Dagbestuur Kuratorium Voorsitter, Skriba & Admin-beampte
17	Aktuele Kerkgesprek	11:10 – 13:00	Sal aangekondig word	Kuratorium, Seminarium, Kommunikasie departement

# Inhoudsopgawe

<b>Voorblad</b>	<b>01 - 02</b>
<b>Jaarprogram 2026</b>	<b>03 - 05</b>
<b>Voorwoord</b>	<b>08</b>
<b>Ontmoet die span</b>	<b>80</b>

## AFDELING A | ALGEMENE INLIGTING

<b>1. Inleiding</b>	<b>09</b>
<b>2. Kuratorium</b>	<b>09</b>
<b>3. Opleiding met twee bene</b>	<b>10</b>
3.1 Akademiese Opleiding deur die Fakulteit Teologie en Religie	10
3.2 Kerklike vorming deur die Teologiese Seminarium	11
3.2.1 Die vier bane in Kerklike opleiding	11
<b>4. Verskillende roetes van opleiding op pad na legitimasie</b>	<b>13</b>
4.1 Teologiese opleiding met die oog op volle bevoegdheid	13
4.2 Diverse bane van opleiding	13
4.2.1 Bedienaars met Erediensbevoegdheid	13
4.2.2 Standplaasleeraar	13
4.2.3 Diensleeraar (Hulpleraar)	13
<b>5. Plekke van aanbidding</b>	<b>13</b>
5.1 Dissipelskapsjare (BDiv I tot IV)	13
5.2 Diverse bane van opleiding	14
<b>6. Kampe, <i>retreats</i> en uitreike</b>	<b>14</b>
<b>7. Ander kontakgeleenthede</b>	<b>14</b>
<b>8. Mentorskap</b>	<b>14</b>
<b>9. Administratiewe sake en finansies</b>	<b>14</b>
9.1 Koste verbonde aan Kerklike vorming	14
9.1.1 Dissipelskapsjare (BDiv I tot IV)	15
9.1.2 Apostolaatsjare (MTh I en II)	15
9.1.3 Diverse bane van opleiding	15
9.1.4 PGDip-studente	15
9.1.5 Hugenote Kollege-studente	15
<b>10. Personeel van die Seminarium</b>	<b>15</b>
<b>11. Ten slotte</b>	<b>16</b>

## AFDELING B | DISSIPELSKAPJARE

1. Programme in die Teologiese Seminarium <i>Dissipelskapsjare 2026</i>	17
2. Aanbieders   Seminarium - Dissipelskapsjare	18
3. Aanbieders   Kampe en <i>Retreats</i>	18
4. Kerklike Opleiding   2026 Jaarprogram (Jaargroepe 1 - 4)	19 - 23
5. Gedetailleerde omskrywing BDiv I   <i>Eerstejaar</i>	24 - 28
6. Gedetailleerde omskrywing BDiv II   <i>Tweedejaar</i>	29 - 33
7. Gedetailleerde omskrywing BDiv III   <i>Derdejaar</i>	34 - 40
8. Gedetailleerde omskrywing BDiv IV   <i>Vierdejaar</i>	41 - 48
9. Voorgeskrewe Afrikaanse boeke <i>volgens jaargroep</i>	49

## AFDELING C | APOSTOLAATSJARE

1. Inleiding	50
2. Aanbieders   Seminarium - Apostolaatsjare	52 - 53
3. VORM G-1 (MTh 1)   Inligtingsbrief rakende gemeenteblootstelling	54
4. Brief aan Gemeentejaars   Dokumentasie benodig vir portefeulje	55
5. Apostolaatsjare   MTh I <b>Eerstejaar</b>	
Blok 1   <b>Eerste kwartaal</b>   <i>Credo</i> en Kerklike-persoonlike Geloofsidentiteit	56 - 58
Blok 2   <b>Tweede kwartaal</b>   <i>Praktyk van Erediensbediening (I)</i>	59 - 61
Blok 3   <b>Derde kwartaal</b>   Gemeentelike bedieningspraktyk	62 - 64
6. Apostolaatsjare   MTh II <b>Tweedejaar (gemeentejaar)</b>	
Blok 4   <b>Eerste kwartaal</b>   <i>Credo</i> en <i>Praktyk van Erediens (II)</i> Geloofsidentiteit	65 - 68
Blok 5   <b>Tweede kwartaal</b>   <i>Credo</i> en <i>Praktyk van Erediensbediening (II)</i>	69 - 71
Blok 6   <b>Derde kwartaal</b>   <i>Credo</i> , Gemeentelike bedieningspraktyk	72 - 74

## AFDELING D | DIVERSE BANE EN ANDER STUDENTE

### GEDETAILLEERDE OMSKRYWING VAN ALLE PROGRAMME | KERKLIKE VORMING

1. Bedienaars met Erediensbevoegdheid	76
2. Ander studente (Hugenate Kollege)	77
3. Diensleraars (Hulpleraars)	77

### BTH-STUDENTE | HUGENOTE KOLLEGE

1. Aanlyn aanbiedings vir studente by al die opleidingsinstansies	78
1.1 Etos	78
1.2 Logos	78
1.3 Patos	78
2. Aanlyn program vir die jaar	78
3. Ander geleenthede vir 2026	79
• <i>Seminariumopening en ontmoetingsbraai</i>	
• <i>Seminarium - Inligtingsperiode</i>	
• <i>Legitimasie en Seminariumafsluiting</i>	

## VOORWOORD

# Beste Student

**Hartlik welkom** by die Seminarium van die Vrystaat!

Die meeste van julle keer terug om julle studies voort te sit en ander begin nou met julle reis in Teologiese Opleiding. Ons verwelkom julle almal, maar in besonder die nuwelinge by ons en spreek die vertroue uit dat julle vanuit die staanspoor tuis sal voel in die familie van NG Kerk-studente by ons Seminarium-familie!

Vanaf die kant van die Teologiese Seminarium, wil ons elke student begelei en help ontwikkel in alle fasette van menswees. Die opdrag van die Kuratorium is dat ons studente sal vorm, sodat hulle uiteindelik geskik sal wees vir die veeleisende, maar tegelyk ook heerlike en vervullende bediening.

Jy gaan vanjaar weer deur verskillende programme aan meer as net die formele akademiese komponent blootgestel word. As teologiese studente (en later as predikante) leef ons in 'n dinamiese en vinnig veranderende samelewing. 'n Sterk akademiese onderbou is noodsaaklik vir jou bediening as predikant. Dit is egter ook nodig dat jou menswees in totaliteit gevorm sal word. As geestelike leier op die kampus, in die gemeente waar jy inskakel en later die voltydse bediening, word van jou vereis dat jy 'n deurleefde teoloog en geestelik- en emosioneel volwasse individu sal wees. As student en later predikant van die NG Kerk is dit verder nodig dat jy jou vakgebied, die Teologie, sal ken. Jy behoort deeglik onderlê te wees in die belydenisse van die Kerk. Jy moet ook met gemak jou weg deur die Bybel kan vind.

Nie net moet jy die NG Kerk se geskiedenis ken nie, maar ook dié van ander kerke en tradisies. Jy moet verder belese wees, in staat om abstrak te kan dink, toegerus met verskillende bekwaamhede. Kortom: Jy moet jou gereedskap ken en vaardig kan gebruik.

In al hierdie fasette van ontwikkeling (en meer) speel die programme van die Seminarium 'n onontbeerlike rol. So sal jy by legitimasie toegerus in die diens van die Hoof van die Kerk jou roeping verantwoordelik kan ultiëf. Die roetes vir opleiding het verander en verbreed. Verder in die handleiding word die verskillende opleidingsmoontlikhede deeglik uiteengesit, en met daardie kennis tot jou beskikking, sal jy jou weg vind.

By die Seminarium wil ons graag 'n tuiste vir al ons teologiese studente skep. Neem daarom asseblief altyd vrymoedigheid om enige tyd 'n afspraak te maak om te kom gesels.

Op die volgende bladsye verduidelik ons in meer besonderhede hoe die Seminarium in opdrag van die Kuratorium funksioneer. Ons glo dat hierdie handleiding jou sal help om jou opnuut te oriënteer wat die Kerklieke vorming van jou opleiding aanbetref.

Hartlik welkom en baie seën vir die jaar!



Seminariumbestuurder




# DIE SEMINARIUM VAN DIE NG KERK VRYSTAAT | 2026

## AFDELING A | ALGEMENE INLIGTING

### 1. Inleiding

Om na mense se roepingsverhale te luister, is baie interessant. Ons het elkeen ons eie verhaal; die Here het ook met jou 'n unieke pad geloop. Hoe en waar jy ookal jou roeping ontvang het - dit is belangrik dat jy verder gevorm sal word om jou deeglik vir hierdie unieke roeping voor te berei.

Vir hierdie kerk waarin ons glo ons geroep is, is ons ontsaglik lief. Ons leef egter in uitdagende tye, die stormwinde van buite, maar veral ook van binne die kerk, is deel van ons realiteit. Om in hierdie wêreld ons pad te vind, is dit nodig dat ons sal weet wie ons is, en wat ons glo. Ons is 'n belydende kerk.



### Lied 263:1 (LvdK)

Teks: Izak de Villiers 1987/2001

U, goeie Herder, wat ons lei, U bring ons by die waters.

U laat u kudde veilig wei, ver weg van bose haters.

U lê u lewe vir ons af.

U koop ons vry en dra ons straf -

U lei ons na God die Vader.

Die Reglement vir Teologiese Opleiding verwys spesifiek na die opleiding van predikante en ander dienaars van die Woord. Die dienswerk (amp) waarin jy uiteindelik as predikant, diensleer, standplaasleer of Ouderling met Erediensbevoegdheid gaan staan is 'n heerlike, maar veeleisende roeping. Daar word van so 'n persoon spesifieke vaardighede gevra. Die dienswerk sluit, afhangend van die bevoegdheid wat aan die kandidaat verleen word, onder andere die bediening van die Woord, sakramente, voorbidding vir alle mense en die geestelike opbou en toerusting van die gemeente vir hulle dienswerk in God se wêreld, in - natuurlik met die nodige opleiding en bevoegdheid.

Die NG Kerk bestaan uit nege verskillende sinodes. Verder is daar verskillende goedgekeurde opleidingsinstansies vir teologiese opleiding van predikante, waarvan die Universiteit van die Vrystaat (UV) en die Seminarium van die NG Kerk Vrystaat een is. Studente van Hugenate Kollege wat in ons Sinodestreek woon, skakel ook by die Vrystaat Kuratorium in. Elke opleidingsinstansie het 'n eie kuratorium, wat onder die sambreel van die Algemene Kuratorium funksioneer. Die verskillende kuratoria sien toe dat die opleiding by al die universiteite op dieselfde vlak en standaard plaasvind, en aan die nodige vereistes voldoen.

### 2. Kuratorium

In die NG kerk in die Vrystaat is 'n aantal persone aangewys om van die kerk se kant die teologiese opleiding te bestuur. Hierdie liggaam staan bekend as die Kuratorium vir Teologiese Opleiding. Die Kuratorium bestaan onder meer uit predikante uit die Vrystaat-streek en ook een verteenwoordiger uit elke ander sinode in ons land. Die Kuratorium beskerm, bewaar en versorg op 'n besondere verantwoordelike en liefdevolle wyse die studente in die teologie. Verder hou die Kuratorium toesig oor die opleiding van dienaars van die Woord. Die liggaam wat verantwoordelik is vir al die verskillende fasette van die teologiese opleiding, onder wie se opsig die Seminarium ook funksioneer, is die Kuratorium vir Teologiese Opleiding.

## Kuratorium vir Teologiese Opleiding in die Vrystaat

Neem asseblief kennis van die volgende inligting van die lede van die Kuratorium:

Voorsitter	<b>Ds Jan Lubbe</b>	082 784 9362	<b>janlubbe1964@gmail.com</b>
Skriba	<b>Ds Gideon Lamprecht</b>	082 417 0507	<b>gideon.lamprecht777@gmail.com</b>
Voorsitter: Akademiese en Kerklike Evaluasie	<b>Dr Deon Serfontein</b>	083 288 7555	<b>deonserfontein@gmail.com</b>
Voorsitter: Studentesake	<b>Ds Johan David</b>	083 447 2603	<b>lewemetrede@gmail.com</b>
Voorsitter: Diverse Bane van Opleiding	<b>Ds Deseré Meyer</b>	066 227 5586	<b>dezid2@gmail.com</b>
Seminariumbestuurder	<b>Dr Johan Nel</b>	083 400 0267	<b>seminarium@ngkvs.co.za</b>

Sedert 2017 funksioneer die Teologiese Seminarium wat vir die NG Kerk-familie opgerig is. Hierdie Seminarium werk in opdrag van die Kuratorium en is primêr by die vorming van studente in die Teologie betrokke.

### 3. Opleiding met twee bene

Ons Teologiese Opleiding staan op twee bene: Die akademiese opleiding wat by die Fakulteit Teologie en Religie aan die Universiteit van die Vrystaat aangebied word. Daar is egter ook 'n behoefte aan opleiding wat spesifiek fokus op studente wat hulle wil voorberei vir bediening in die NG Kerk-familie. Ons verwys hierna as die Kerklike baan of Kerklike vorming.

Soos genoem, vind opleiding vir die Vrystaat Sinodestreek hoofsaaklik by die Universiteit van die Vrystaat in die Fakulteit Teologie en Religie plaas. Die Fakulteit is aanvanklik in die lewe geroep om predikante van die NG Kerk op te lei. Intussen het dit 'n ekumeniese fakulteit geword, en daarom is die Seminarium van die Vrystaat in die lewe geroep. Verder vind afstandonderrig in Teologie aan die Hugenote Kollege in Wellington plaas. Die Hugenote Kollege bied 'n driejarige BDiv-program aan, en daarbenewens ook toegespitste opleiding in Erediensbevoegdheid en Diensleraaropleiding (Hulpleraar) in verskeie kursusse van spesifieke bedieningsbehoefte wat gemeentes beleef.

*Die twee bene van opleiding lyk so:*

#### 3.1 Akademiese Opleiding deur die Fakulteit Teologie en Religie

Die Fakulteit Teologie en Religie aan die Universiteit van die Vrystaat behartig die formele, akademiese vorming van teologiese studente. Die fakulteit funksioneer in 'n dinamiese, veelfasettige en ekumeniese universiteitsomgewing. So ook wat betref die Hugenote Kollege en ander goedgekeurde instansies. Dit beskik oor dosente van uitnemendheid, wat akademies uitstaande werk lewer. Dit is vir die Kuratorium belangrik dat hierdie dosente ook 'n diep geloofsoortuiging en spiritualiteit sal hê. Die dosente en studente kom uit verskillende Kerklike tradisies, wat aan nasionale standaarde en vereistes vir tersiêre opleiding voldoen. Dit is belangrik dat ons studente blootgestel word aan en skouers skuur met persone wat, soos die wêreld waarin ons predikante werk, divers en multi-kultureel is.

Die voltydse opleiding strek oor minstens ses jaar. Dit bestaan uit 'n aanvanklike vier jaar BDiv-kursus, gevolg deur 'n MTh. Gedurende dié opleidingsjare is daar 'n sterk fokus en klem op die student se praktiese vorming en die bediening in 'n gemeente onder die leiding van 'n bekwame mentor. Praktykblootstelling in gemeentes onder die leiding van 'n mentor verskerp jaar na jaar. Ná suksesvolle voltooiing van beide die akademiese- en Kerklike vorming, meld die student by die Kuratorium aan met die oog op legitimasie vir bediening as leraar in die NG Kerk. Gedurende die aanvanklike opleiding in die eerste vier jaar, word 'n stewige teoretiese onderbou gebied.


Dit behels onder meer die studie in die antieke tale, verskillende leerteorieë van die Bybel en die geskiedenis van die Christendom deur twintig eeue. Verskillende sienings oor God en die wêreld maak 'n groot deel hiervan uit. Gedurende hierdie vormingsjare is daar ook baie geleenthede om aan die praktyk van die bediening blootgestel te word. Ook hiervoor word elke student reeds uit die staanspoor aan 'n bekwame mentor toegewys. Die kurrikulum vir die teologiese opleiding word deur die Fakulteit Teologie en Religie saamgestel, gekoördineer en aangebied.

### 3.2 Kerklike vorming deur die Teologiese Seminarium

'n Predikant in die bediening kan nie slegs oor akademiese kennis en vaardighede beskik nie. Die akademie vorm wel 'n noodsaaklike onderbouing, die mondering van 'n predikant, maar om ook aan die praktiese eise van die bediening in die NG Kerk-familie te voldoen, is 'n tweede, Kerklike baan van opleiding, ook noodsaaklik. Om aan die profiel van 'n afgestudeerde student met die oog op bediening in die NG Kerk te voldoen, word verskillende programme in die Seminarium aangebied. Hierdie programme strek oor die volle tydperk van opleiding. Kontaksessies vind (wat jaargroepe 1 tot 4 aanbetref) elke Woensdag van elke semester plaas, vanaf 11:10 tot 12:00. Hierdie handleiding bevat al die detail en besonderhede van die programme en logistiek. Neem asseblief kennis van al die inligting soos wat dit betrekking het op jou program. Ná voltooiing van die BDiv-kwalifikasie (Dissipelskapsjare), word die Kerklike vorming gedurende in MTh-studiejare (Dissipelskapsjare) verder voortgesit en in blokweke deur die Seminarium aangebied. Die program vir vanjaar word later in hierdie handleiding uiteengesit. Ook wat die Diverse bane en Hugenote Kollege-studente en nagraadse (PGDIP)-studente, word die Kerklike vorming deur die Seminarium behartig, wat later in hierdie handleiding beskryf word.

#### 3.2.1 Die vier bane in Kerklike opleiding

In die onderstaande diagram word die vier uitkomstes van die Seminariumprogramme uiteengesit:



Sodra jy aan al die akademiese (Fakulteit Teologie) vereistes, sowel as die Kerklike vereistes (Seminarium) voldoen het, sal jy in staat wees om as toegeruste kandidaat vir legitimasië tot die bediening in die familie van die NG Kerk te kan aanmeld (legitimasië: Wettige toelating tot die amp van predikant). Om by hierdie ideaal uit te kom, is 'n aantal programme ontwikkel wat jy van jaar tot jaar suksesvol moet voltooi. Jy sal raaksien (en dit is belangrik) dat al die programme sinkroniseer met jou akademiese vordering, byvoorbeeld dat wat jy by ons in die Seminarium en in jou opleidingsgemeente in praktiese werk doen, met mekaar belyng word.

Verder bou hierdie verskillende programme van jaar tot jaar op mekaar. Jy sal byvoorbeeld in jou eerste jaar aan basiese kennis op 'n sekere gebied blootgestel word, maar soos jy deur die studiejare vorder, verdiep die insette en kennis.

Dit spreek dus vanself dat jy elke jaar al die programme in die Seminarium getrou moet bywoon en deurloop, en die verskillende assesserings bevredigend moet voltooi. Die aanbieders van die programme monitor die klasbywoning, deelname asook werkstukke van elke student individueel. 'n Verslag word ná afloop van elke aanbieding aan die Seminarium deurgegee, waar jou teenwoordigheid en deelname op jou lêer aangebring word.

**In kort:** Daar word van jou verwag om elkeen van die Seminariumaanbiedings by te woon, betrokke te wees by die besprekings en die kort werkstuk wat die aanbieder vra, betyds in te lewer. Waak daarteen om nie agter te raak nie, omdat die aanbiedings nie herhaal word nie. Soos met jou akademiese vordering, word jou betrokkenheid by die aanbiedings van die Seminarium deurlopend geëvalueer en in ag geneem wanneer beurse en lenings van die NG Kerk van die Vrystaat toegeken word.

Verder kommunikeer ons deurlopend vanaf die Seminarium met jou en aan die einde van jou vierdejaar vorm al hierdie inligting 'n belangrike deel van die evalueringsgesprek met die oog op die voltooiing van die Kerklike baan en toelating tot die gemeentejaar. Eksamens vind ook in die MTh-jare plaas, waar na al die mylpale oor die jare heen gekyk word vir jou finale keuring en toelating tot die bediening in die NG Kerk-familie (legitimasië). Soos vroeër genoem, vind die aanbiedings van die Seminariumprogram op Woensdae plaas. Hierdie periodes word goedgunstig deur die Fakulteit Teologie en Religie vir kerkeie opleiding afgestaan. Die eerste periode (11:10 tot 12:00) word in elke jaargroep aan 'n spesifieke program gewy. Die tweede periode (12:00 tot 13:00) word vir die Emmaus Bybelleesprogram geoormerk.

'n Volledige beskrywing van elke program, asook die materiaal wat jy daarvoor benodig, word met detail in die handleiding uiteengesit. Maak asseblief seker dat jy dit deeglik bestudeer, om sodoende voorbereid en betyds by elke aanbieding op te daag.

*Om dit makliker te maak om die verskillende bane te volg, word die volgende kleurkodes gebruik om die verskillende programme aan te dui:*



**TEOLOGIESE IDENTITEIT Credo - Kerugma | PERS**



**SPIRITUALITEITS- EN ROEPINGSONTWIKKELING - Leitourgia | GROEN**



**PERSOONLIKSHEIDSGROEI EN VAARDIGHEDE - Koinonia | GEEL**



**KERKLIKE BEDIENINGSPRAKTYK - Diakonia | BLOU**

## 4. Verskillende roetes van opleiding op pad na legitimasie

### 4.1 Teologiese opleiding met die oog op volle bevoegdheid

Daar is **twee weë** wat gevolg kan word wanneer 'n kandidaat in opleiding is met die oog op volle bevoegdheid. **Die eerste** behels BDiv-studies voltyds op die kampus van die Universiteit van die Vrystaat se Fakulteit Teologie en Religie. Die kursus strek oor vier jaar. Ná afloop van die aanvanklike graadopleiding registreer die student vir 'n MTh by die Fakulteit Teologie en Religie. Kerklike vorming word tegelyk by die Seminarium van die Vrystaat deurloop. Die Kerklike vorming strek oor al ses jaar van opleiding. **Die tweede** behels dat studente wat reeds oor 'n relevante voorgraadse kwalifikasie beskik, of 'n professionele beroep beoefen, vir Teologiese Opleiding kan aanmeld. 'n Moontlike roete is dat hulle in die nagraadse diploma (PGDip) registreer, gevolg deur die MTh wat die hoofstroom studente ook deurloop. Grieks en Hebreeus moet beide ook op tweedejaarsvlak aangebied word. Kerklike vorming vind gedurende die tydperk van die nagraadse diploma saam met die studente in die Diversebane van opleiding plaas, en gedurende die MTh-jare saam met dié groep.

### 4.2 Diverse bane van opleiding

#### 4.2.1 Bedienaars met Erediensbevoegdheid

Hierdie studente word as ouderlinge deur hulle gemeente geïdentifiseer, en deurloop 'n kursus by Hugenote Kollege wat spesifiek op die erediens gemik is. Kerklike vorming geskied aanlyn, en ook tydens verpligte *retreats*. Ná voltoening aan hierdie vereistes, word hulle as Ouderlinge met Erediensbevoegdheid bevestig. Hulle werk ook onder leiding van 'n mentor (gemeentepredikant). Bedienaars is nie beroepbaar na ander gemeentes nie, en neem erediens slegs in hulle sturende gemeente waar.

#### 4.2.2 Standplaasleraar

'n Standplaasleraar is 'n gemeenteleraar in die "standplaas" (unieke missionale konteks) en beroepbaar as leraar na 'n soortgelyke standplaas. Hulle word georden as leraars met preek en sakramentsbevoegdheid.

#### 4.2.3 Diensleraar (Hulpleraar)

Diensleraars (Hulpleraars) beskik reeds oor voorafleer, word opgelei en gelegitimeer as proponente, en is beroepbaar om te bedien in ooreenstemming met die opleiding wat hulle deurloop het in die geografiese gebied van die sturende gemeente. Hulle werk onder die mentorskap van 'n gemeenteleraar.

## 5. Plekke van aanbidding

### 5.1 Dissipelskapsjare (BDiv I tot IV)

*Die verskillende jaargroepe kom in die volgende plekke byeen, tensy anders gereël:*

Jaargroep	Plek	Programkode
BDiv I	HMS 10 (11:10 - 12:00)	Programkode begin met TS 10 ...
BDiv II	HMS 33 (11:10 - 12:00)	Programkode begin met TS 20 ...
BDiv III	HMS 34 (11:10 - 12:00)	Programkode begin met TS 30 ...
BDiv IV	Plek sal aangekondig word	Programkode begin met TS 40 ...
BDiv I - IV	HMS 33 (12:00 - 13:00)	Emmaus Bybelleesprogram/Bybelkennis

Daar word ook gereeld aktuele kerkgesprekke aangebied, waar al die jaargroepe saam in HMS 10 byeenkom. Die tema van die gesprekke/besprekings sal van tyd tot tyd aangekondig word.

## 5.2 Diverse bane van opleiding

Daar word van studente in die Diverse bane van opleiding verwag om twee *retreats*, asook 'n preekwerkswinkel by te woon.

## 6. Kampe, *retreats* en uitreike

Kampe/*retreats*/uitreike word ook vir alle studente aangebied. Meer inligting oor hierdie kampe/*retreats*/uitreike kan in hierdie handleiding by julle spesifieke jaargroep gelees word. Dit is noodsaaklik dat jy elkeen van hierdie geleenthede sal bywoon, as deel van jou vorming.

## 7. Ander kontakgeleenthede

Besoeke en blootstelling aan ander kerke en aktiwiteite vind ook eenkeer per semester vir die hele groep plaas.

## 8. Mentorskap

'n Baie belangrike komponent van jou voorbereiding en vorming vir die bediening in Kerklike en bedieningspraktyk gebeur in samewerking met die mentors (predikante) wat deur die Kuratorium aangewys word. In die mentorsprogram kies jy, in samewerking met die Steunspan vir Studentebegeleiding, 'n mentor wat gewoonlik 'n plaaslike NG-predikant is.

Van die mentor word daadwerklike insette verwag om jou sodoende op die bes moontlike manier te begelei. Ons rus ook daarom die mentors behoorlik toe vir hulle taak, sodat hulle jou verantwoordelik kan begelei. Die Steunspan gaan met jou mentorpredikant 'n ooreenkoms aan. Jy skakel by die gemeente van die mentorpredikant in en daardie gemeente word jou "opleidingsgemeente". Gedurende jou studiejare word van jou verwag om ook van mentors en daarom van gemeentes, te verwissel.

Jy en jou mentor ontmoet mekaar gereeld; die mentor ondersteun en begelei jou. Ideaal gesproke sal die mentor vir jou 'n vertroueling word en ook 'n voorbeeld, na wie jy kan opsien en van wie jy kan leer met die oog op jou eie spiritualiteit, styl en waardes. 'n Student in die teologie moet 'n lewenswyse en etos kweek wat 'n navolger van Christus waardig sal wees.

## 9. Administratiewe sake en finansies

Daar is verskeie vorms wat deur die sturende ringe, gemeentes, predikante, mentors en studente voltooi moet word. Dit is jou verantwoordelikheid om voortdurend met die administratiewe beampte van die Seminarium te kontroleer sodat jou lêer op datum bly. Die skakel na die vorms sal deur die administratiewe beampte aan jul deurgegee word per e-pos. Elke student ontvang vanaf die administratiewe beampte 'n skakel na die Seminarium se inskrywingsvorm, wat voor die einde van Februarie 2026 aan die administratiewe beampte van die Seminarium besorg moet word.

### 9.1 Koste verbonde aan Kerklike vorming

Die Kerklike vorming word grootliks uit Sinodale fondse bekostig. Maak asseblief ook seker dat jy enige verandering van persoonlike inligting (soos jou e-posadres, selfoonnommer, ens.) aan die administratiewe beampte by die Seminarium deurgee. **Dit is belangrik dat ons jou altyd moet kan bereik.** Die volgende is egter van belang:

### 9.1.1 Dissipelskapsjare (BDiv I tot IV)

Daar word **jaarliks 'n Seminariumfooi van R500** van elke student gehef. Studente wat beurse ontvang, gee toestemming dat hierdie fooi eenmalig van die beursuitbetaling afgetrek mag word. Studente wat nie beurse ontvang nie, betaal die fooi voor die einde van Februarie 2026 by die administratiewe beampte in. Hierdie fooi word onder andere aangewend om die uitgawes van die programme en kampe bekostigbaar te maak. Die kostes verbonde aan Kerklike vorming:

### 9.1.2 Apostolaatsjare (MTh I en II)

Daar word, net soos in die voorgraadse jare, **'n fooi van R500** van beurshouers se beurse afgetrek. Nie-beurshouers betaal die fooi voor die einde van Februarie 2026 by die administratiewe beampte in.

### 9.1.3 Diverse bane van opleiding

Studente in die Diverse bane van opleiding betaal **jaarliks 'n fooi van R15 000** vir Kerklike vorming. Die fooi word aangewend om die koste van *retreats* en die aanbieding van programme te bestry. Aangesien die gemeentes groot voordeel gaan trek uit die dienste van die studente in die Diverse bane, doen die student eerstens by die Kerkraad aansoek om die befondsing. Indien bewys gelewer kan word dat die Kerkraad nie die fooi kan bekostig nie, rig die student 'n versoek aan die Ring. In gevalle waar die Ring ook nie in staat is om 'n bydrae te maak nie, kan die student, met bewys van bogenoemde versoeke wat afgewys is, vir 'n beurs by die Kuratorium aansoek doen. Ons wil verhoed dat die student hierdie koste self dra.

### 9.1.4 PGDip-studente

Studente in die PGDip-bane van opleiding betaal **jaarliks 'n fooi van R15 000** vir Kerklike vorming. Die fooi word aangewend om die koste van *retreats* en die aanbieding van programme te bestry. Dit sluit twee *retreats* en 'n preekwerkswinkel in.

### 9.1.5 Hugenote Kollege-studente

Hugenote Kollege-studente betaal **jaarliks 'n fooi van R6 500** vir Kerklike vorming deur die Seminarium van die NG Kerk Vrystaat. Die fooi word aangewend om die koste van die ontmoetings*retreat* en aanlyn sessies te bestry.

## 10. Personeel van die Seminarium

Die kantoor van die Seminarium is geleë in die gebou van die Sinodale Kerkkantoor in Van Heerdenweg 20. Die besonderhede van die personeel is:

**Seminariumbestuurder**  
**Dr Johan Nel**  
+27 (0)83 400 0267  
seminarium@ngkvs.co.za



**Administratiewe Beampte**  
**Mev Anelia van den Blink**  
+27 (0)51 406 6719  
kuratorium@ngkvs.co.za

By die Seminarium handhaaf ons 'n oop-deur beleid.  
Enige student is welkom om by die kantoor in te loer, om watter rede ook al.

## 11. Ten slotte

Ons vertrou dat hierdie inligting, wanneer jy dit met die res van die handleiding saamlees, jou sal help om jou weg te vind.

Hiermee weereens, hartlik welkom. Mag 2026 'n uitstekende jaar wees. Ons bid nou saam met jou in vertrou die woorde van Lied 263:3 (LvdK):

### Lied 263:3 (LvdK)

U roep ons almal op ons naam,  
U plaas op ons u teken.  
U lei ons saggies almal saam,  
U het die prys bereken.  
U bloed het vir ons skuld betaal.  
U kom ons eenmaal almal haal –  
Ewig, veilig by die Vader.

Met ons beste wense.

*Dr Johan Nel*

Seminariumbestuurder



**Voorgeskrewe werk**



**Assessering**



# DIE SEMINARIUM VAN DIE NG KERK VRYSTAAT | 2026

## AFDELING B | DISSIPELSKAPSJARE (BDIV I - IV)

Die Kerklike vorming deur die Seminarium word nou verder verfyn. Die programme van die BDiv-studiejare word vervolgens gegee en ons verwys daarna as die sogenaamde dissipelskapsjare, soos wat Jesus die dissipels vir hulle dienswerk toegerus het. Daarna volg die twee MTh-studiejare, waarna ons verwys as die apostolaatsjare – toe Jesus die dissipels uitgestuur het. Ten slotte het Hy hulle gesalf met die Heilige Gees (legitimasie) en die bediening ingestuur.

### PROGRAMME | TEOLOGIESE SEMINARIUM

JAAR	TEOLOGIESE IDENTITEIT (CREDO) Module 01	SPIRITUALITEITS- EN ROEPINGSONTWIKKELING Module 02	PERSOONLIKHEIDSGROEI EN VAARDIGHEDE Module 03	KERKLIKE BEDIENINGSPRAKTYK Module 04	
1	TS 101	TS 102	TS 103	TS 104	
BDiv I	<i>Heidelbergse Kategismus</i> > Geloof/gebod/gebed <i>Filosofiese Oriëntering</i> > Wêreldbeeld <i>Gemeenteverhaal</i> > Herkoms	<i>Emmaus Bybelleesprogram</i> <i>Aanbidding</i> > Gebed > Musiek <i>Roepingsjoernaal</i> <i>Ontmoetingsdag</i> <i>Gesamentlike retreat</i>	<i>Persoonlikheidstoets</i> <i>Terugvoergesprek(ke)</i> <i>Werkswinkels</i> > Studie/Leesvaardighede (twee sessies) > Skryfvaardighede gesamentlik (jr 2, 3, 4) (3) > Sosiale kommunikasie	<i>Gemeente Mentorskap</i> > Inskakeling > Waarneming > Mentorskap <i>Aktuele Kerkgesprek</i>  Uitreik: Botshabelo en Torings van Hoop	SB Steunspan Mentor Aanbieders Evaluering
2	TS 201	TS 202	TS 203	TS 204	
BDiv II	<i>Nederlandse Geloofsbelydenis</i> > Skrif/Triniteit/Kerk en amp > Sakramente <i>Filosofiese Oriëntering</i> > Mensbeeld  <i>Gemeenteverhaal (huidig)</i>	<i>Emmaus Bybelleesprogram</i> <i>Aanbidding</i> > Gebed > Musiek <i>Gesamentlike retreat</i>	<i>Persoonlike gesprekke:</i> <i>Sielkundige Werkswinkels</i> > Emosionele intelligensie > Skryfvaardighede gesamentlik (jr 2, 3, 4) (3) > Sosiale kommunikasie > Spraak en voordrag	<i>Gemeente Mentorskap</i> > Jeugprogramme/mentorskap > Uitreik/dienslewer <i>Aktuele Kerkgesprek</i>  <i>Ervaringsleer</i>  Uitreik: Lesotho	SB Steunspan Mentor Aanbieders Evaluering
3	TS 301	TS 302	TS 303	TS 304	
BDiv III	<i>Dordtse Leerreëls en Kerkorde</i> > Verlossing > Geloofsekerheid > Heiligmaking > Kerk en ordening  <i>NGK-Familieverhaal (1665-1902)</i>	<i>Emmaus Bybelleesprogram</i> <i>Aanbidding</i> > Gebed > Musiek   Himnologie <i>Gesamentlike retreat</i>	<i>Persoonlike gesprekke:</i> <i>Sielkundige Werkswinkels</i> > Verhoudingsvaardighede > Trauma > Vaardighede/ontlonting > Spraak en voordrag > Skryfvaardighede	<i>Gemeente Mentorskap</i> > Kategese > Erediensbetrokkenheid > Mentorskap <i>Gemeenskapsdiens</i> <i>Aktuele Kerkgesprek</i>  Uitreik: Natal	SB Steunspan Mentor Aanbieders Evaluering
4	TS 401	TS 402	TS 403	TS 404	
BDiv IV	<i>Belhar en ander eietyds</i> > Geregtigheid > Versoening > Eenheid  <i>NGK-Familieverhaal (20ste eeu)</i>	<i>Emmaus Bybelleesprogram</i> <i>Aanbidding</i> > Gebed, Musiek   Himnologie, Kuns <i>Gesamentlike retreat</i> <i>Stildag</i>	<i>Persoonlike gesprekke:</i> <i>Sielkundige Werkswinkels</i> > Trauma II/konflikhantering > Skryfvaardighede twee sessies > Spraak en voordrag	<i>Gemeente Mentorskap</i> > Kerkraad/Pastoraat > Missionale projek/Mentorskap <i>Aktuele Kerkgesprek</i> <i>Kerklike Evaluering</i>  Uitreik: Zambië	SB Steunspan Mentor Aanbieders Evaluering

# AANBIEDERS

## SEMINARIUM - DISSIPELSKAPSJARE

**Mnr Gert Coetzee**  
**Die Kerk en Media**  
 083 459 1039  
 gcoetzee26d@gmail.com



**Ds Gerhard Meyer**  
**Persoonlike Gedragsvorming**  
**Gedragsvaardighede**  
 078 107 7154  
 petrusgerhardm@gmail.com

**Ds Chris de Vries**  
**Kollegiaatskap**  
 084 258 4556  
 chris-d-v@live.co.za



**Dr Johan Nel**  
**Oriënteringsgesprek | Emosionele**  
**Intelligensie | Himnologie | Verhoudings-**  
**vaardigheide**  
 083 400 0267 | seminarium@ngkvs.co.za

**Mnr Lindani Gobingca**  
**Filosofiese Oriëntasie**  
 081 701 7173  
 gobingcal@ufs.ac.za



**Dr Leon Oosthuizen**  
**Dordtse Leerreëls en Kerkorde**  
 083 444 8587  
 ooshuis@gmail.com

**Ds Cobus Hamman**  
**Persoonlike Spiritualiteit**  
 082 399 5288  
 hamman@schoolink.co.za



**Dr Francois Smith**  
**Skryfvaardighede**  
 051 401 9111  
 smithfah@ufs.ac.za

**Ds Gideon Lamprecht**  
**Nederlandse Geloofsbelydens**  
 082 417 0507  
 gideon.lamprecht777@gmail.com



**Dr Gideon van der Watt**  
**Die NG Kerk-familie**  
 082 780 8038  
 gideonvanderwatt5@gmail.com

**Ds Janke Hurter**  
**Skryfvaardighede**  
 078 894 9166  
 jankehurter@ngkerkbergendal.co.za



**Ds Wouter van Velden**  
**Luistervaardighede**  
 082 419 2118  
 vanvelden.wouter@gmail.com

**Ds Jan Lubbe**  
**Gemeenteverhaal**  
**NG Kerk verhaal tot 1902 & 20<sup>ste</sup> eeu**  
 082 784 9362 | janlubbe1964@gmail.com



**Ds Jan Venter**  
**Heidelbergse Kategismus**  
 072 215 2917  
 janv411@gmail.com

## SEMINARIUM - "RETREATS"

**Ontmoetingsretreat**  
 Alle 1ste jaars  
**Dr Johan Nel**  
 083 400 0267 | seminarium@ngkvs.co.za



**Stilretreat**  
 3de en 4de jaars  
**Ds Jan Lubbe**  
 082 784 9362 | janlubbe1964@gmail.com

**Roepingsretreat**  
 MTh II en kandidate vir legitimasie  
**Ds Cobus Hamman**  
 082 399 5288 | hamman@schoolink.co.za



**Retreat**  
 Alle jaargroepe  
**Dr Johan Nel**  
 083 400 0267 | seminarium@ngkvs.co.za

# 2026 JAARPROGRAM | KERKLIKE OPLEIDING

JAAR	BDiv I	BDiv II	BDiv III	BDiv IV
PLEK	HMS 10	HMS 33	HMS 34	Plek sal aangekondig word

## 1e Semester 2026

FEBRUARIE	9	TEOLOGIESE FAKULTEITSOPENING PLEK: ODEION / TYD: 09:00		SEMINARIUMOPENING & ONTMOETINGSBRAAI PLEK: SAL AANGEKONDIG WORD / TYD: 15:30	
	11	AANBIEDING 1 SEMINARIUM INLIGTINGSPERIODE (STEUNSPAN, STUDENTE) & UITDEEL VAN SEMINARIUMHANDLEIDING PLEK: HMS 10 / TYD: 11:10 – 13:00			
	13 - 14	ONTMOETINGSRETREAT MET DR JOHAN NEL & EERSTEJAARS PLEK: MOOIGENOEG / TYD: VANAF 14:00			
	18	TS 103 Oriënteringsgesprek	TS 203 Luistervaardighede	TS 302 Persoonlike Spiritualiteit	TS 401 NGK 20ste eeu
	18	AANBIEDING 2 Aanbieder: Dr Johan Nel ASS: Bywoning en formatief (verslag + terugvoer)	AANBIEDING 2 Aanbieder: Ds Wouter van Velden ASS: Bywoning en formatief (kort verslag)	AANBIEDING 2 Aanbieder: Ds Cobus Hamman ASS: Bywoning en formatief (kort verslag)	AANBIEDING 2 Aanbieder: Ds Jan Lubbe ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)
	25	TS 103 Oriënteringsgesprek	TS 203 Luistervaardighede	TS 302 Persoonlike Spiritualiteit	TS 401 NGK 20ste eeu
25	AANBIEDING 3 Aanbieder: Dr Johan Nel ASS: Bywoning en formatief (verslag + terugvoer)	AANBIEDING 3 Aanbieder: Ds Wouter van Velden ASS: Bywoning en formatief (kort verslag)	AANBIEDING 3 Aanbieder: Ds Cobus Hamman ASS: Bywoning en formatief (kort verslag)	AANBIEDING 3 Aanbieder: Ds Jan Lubbe ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	
MAART	4	TS 101 Gemeenteverhaal	TS 202 Persoonlike Spiritualiteit	TS 301 DL & KO	TS 401 NGK 20ste eeu
	4	AANBIEDING 4 Aanbieder: Ds Jan Lubbe ASS: Bywoning & Gemeenteverhaal op skrif	AANBIEDING 4 Aanbieder: Ds Cobus Hamman ASS: Bywoning en formatief (kort verslag)	AANBIEDING 4 Aanbieder: Dr Leon Oosthuizen ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	AANBIEDING 4 Aanbieder: Ds Jan Lubbe ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)
	11	TS 103 Emosionele Intelligensie	TS 202 Persoonlike Spiritualiteit	TS 301 DL & KO	TS 401 NGK 20ste eeu
	11	AANBIEDING 5 Aanbieder: Dr Johan Nel ASS: Bywoning & formatief (kort verslag)	AANBIEDING 5 Aanbieder: Ds Cobus Hamman ASS: Bywoning en formatief (kort verslag)	AANBIEDING 5 Aanbieder: Dr Leon Oosthuizen ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	AANBIEDING 5 Aanbieder: Ds Jan Lubbe ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)
18	TS 103 Persoonlike Gedragsvorming	TS 201 Gemeenteverhaal	TS 303 Verhoudingsvaardighede	TS 403 Verhoudingsvaardighede	
18	AANBIEDING 6 Aanbieder: Ds Gerhard Meyer ASS: Bywoning en formatief (verslag + terugvoer)	AANBIEDING 6 Aanbieder: Ds Jan Lubbe ASS: Bywoning & Gemeenteverhaal op skrif	AANBIEDING 6 Aanbieder: Dr Johan Nel ASS: Bywoning en formatief (kort verslag)	AANBIEDING 6 Aanbieder: Dr Johan Nel ASS: Bywoning en formatief (kort verslag)	

20  
-  
21

**STILRETREAT**  
MET DS JAN LUBBE & BDIV III - BDIV IV  
PLEK: MENUHA / TYD: 13:00

<b>TS 103</b> Emosionele Intelligensie	<b>TS 201</b> NGB	<b>TS 303</b> Persoonlike Gedragsvorming	<b>TS 401</b> NGK 20ste eeu
<b>AANBIEDING 7</b> Aanbieder: Dr Johan Nel ASS: Bywoning en formatief (kort verslag)	<b>AANBIEDING 7</b> Aanbieder: Ds Gideon Lamprecht ASS: Bywoning en formatief (kort verslag)	<b>AANBIEDING 7</b> Aanbieder: Ds Gerhard Meyer ASS: Bywoning en formatief (kort verslag)	<b>AANBIEDING 7</b> Aanbieder: Ds Jan Lubbe ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)

25

VAKANSIE

2e Semester 2026

8

**SEMINARIUM ADMINISTRATIEWE SAKE VIR STUDENTE**  
PLEK: HMS 10 / TYD: 11:10 – 13:00

19

**SONDAG 19 APRIL 2026**  
BESOEK AAN ANDER KERK / BESONDERHEDE SAL DEURGEDEE WORD

<b>TS 101</b> Gemeenteverhaal	<b>TS 201</b> NGB	<b>TS 301</b> DL & KO	<b>TS 403</b> Verhoudingsvaardighede
<b>AANBIEDING 8</b> Aanbieder: Ds Jan Lubbe ASS: Bywoning & Gemeenteverhaal op skrif	<b>AANBIEDING 8</b> Aanbieder: Ds Gideon Lamprecht ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	<b>AANBIEDING 8</b> Aanbieder: Dr Leon Oosthuizen ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	<b>AANBIEDING 8</b> Aanbieder: Dr Johan Nel ASS: Bywoning en formatief (kort verslag)

22

<b>TS 101</b> HK	<b>TS 201</b> NGB	<b>TS 301</b> DL & KO	<b>TS 401</b> NGK 20ste eeu
<b>AANBIEDING 9</b> Aanbieder: Ds Jan Venter ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	<b>AANBIEDING 9</b> Aanbieder: Ds Gideon Lamprecht ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	<b>AANBIEDING 9</b> Aanbieder: Dr Leon Oosthuizen ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	<b>AANBIEDING 9</b> Aanbieder: Ds Jan Lubbe ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)

29

30

**VORDERINGSVERSLAG**  
TERUG BY ADMINISTRATIEWE BEAMPTE

6

<b>TS 101</b> HK	<b>TS 201</b> NGB	<b>TS 301</b> DL & KO	<b>TS 403</b> Konflikhanteringsvaardighede
<b>AANBIEDING 10</b> Aanbieder: Ds Jan Venter ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	<b>AANBIEDING 10</b> Aanbieder: Ds Gideon Lamprecht ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	<b>AANBIEDING 10</b> Aanbieder: Dr Leon Oosthuizen ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	<b>AANBIEDING 10</b> Aanbieder: Dr Johan Nel ASS: Bywoning en formatief (kort verslag)

13

<b>TS 101</b> HK	<b>TS 201</b> NGB	<b>TS 301</b> DL & KO	<b>TS 403</b> Konflikhanteringsvaardighede
<b>AANBIEDING 11</b> Aanbieder: Ds Jan Venter ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	<b>AANBIEDING 11</b> Aanbieder: Ds Gideon Lamprecht ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	<b>AANBIEDING 11</b> Aanbieder: Dr Leon Oosthuizen ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	<b>AANBIEDING 11</b> Aanbieder: Dr Johan Nel ASS: Bywoning en formatief (kort verslag)

MEI

20

**SEMINARIUM AKTUELE KERKGESPREK**  
PLEK: HMS 10 / TYD: 11:10 – 13:00

TS 101  
HK

TS 201  
NGB

TS 301  
NGK-verhaal tot 1902

TS 401  
Belhar

27

**AANBIEDING 12**

Aanbieder: Ds Jan Venter  
ASS: Bywoning en formatief  
(werksopdrag + verslag)

**AANBIEDING 12**

Aanbieder: Ds Gideon Lamprecht  
ASS: Bywoning en formatief  
(werksopdrag + verslag)

**AANBIEDING 12**

Aanbieder: Ds Jan Lubbe  
ASS: Bywoning en formatief  
(werksopdrag + verslag)

**AANBIEDING 12**

Aanbieder: Dr Gideon v/d Watt  
ASS: Bywoning en formatief  
(werksopdrag + verslag)

JUNIE

3

TS 101  
HK

TS 201  
NGB

TS 301  
NGK-verhaal tot 1902

TS 401  
Belhar

**AANBIEDING 13**

Aanbieder: Ds Jan Venter  
ASS: Bywoning en formatief  
(werksopdrag + verslag)

**AANBIEDING 13**

Aanbieder: Ds Gideon Lamprecht  
ASS: Bywoning en formatief  
(werksopdrag + verslag)

**AANBIEDING 13**

Aanbieder: Ds Jan Lubbe  
ASS: Bywoning en formatief  
(werksopdrag + verslag)

**AANBIEDING 13**

Aanbieder: Dr Gideon v/d Watt  
ASS: Bywoning en formatief  
(werksopdrag + verslag)

10

**GEEN SEMINARIUM – SINODESITTING 2026 TE BOTHAVILLE**

TS 101  
HK

TS 201  
Himnologie

TS 301  
NGK-verhaal tot 1902

TS 401  
Belhar

17

**AANBIEDING 14**

Aanbieder: Ds Jan Venter  
ASS: Bywoning en formatief  
(werksopdrag + verslag)

**AANBIEDING 14**

Aanbieder: Dr Johan Nel  
ASS: Bywoning en formatief  
(kort verslag)

**AANBIEDING 14**

Aanbieder: Ds Jan Lubbe  
ASS: Bywoning en formatief  
(werksopdrag + verslag)

**AANBIEDING 14**

Aanbieder: Dr Gideon v/d Watt  
ASS: Bywoning en formatief  
(werksopdrag + verslag)

24

TS 101  
HK

TS 201  
Himnologie

TS 301  
NGK-verhaal tot 1902

TS 401  
Belhar

**AANBIEDING 15**

Aanbieder: Ds Jan Venter  
ASS: Bywoning en formatief  
(werksopdrag + verslag)

**AANBIEDING 15**

Aanbieder: Dr Johan Nel  
ASS: Bywoning en formatief  
(kort verslag)

**AANBIEDING 15**

Aanbieder: Ds Jan Lubbe  
ASS: Bywoning en formatief  
(werksopdrag + verslag)

**AANBIEDING 15**

Aanbieder: Dr Gideon v/d Watt  
ASS: Bywoning en formatief  
(werksopdrag + verslag)

**VAKANSIE**

**3e Semester 2026**

JULIE

15

**SEMINARIUM ADMINISTRATIEWE SAKE VIR STUDENTE**  
PLEK: HMS 10 / TYD: 11:10 – 13:00

TS 101  
